

DRIE BENADERINGSWYSES IN DIE MODERNE TAALWETENSKAP: 'N METODOLOGIESE BESINNING

Prof. Hans du Plessis

ABSTRACT

The author refers to the three main approaches to be distinguished in linguistics in the twentieth century: Halliday's distinction of transformational-generative, non-textual and textual approaches. The author intends in the course of the paper to distinguish three fundamental approaches, viz. Structuralism, Functionalism and Transformational-generativism. These three trends in linguistics will be seen as methods about which methodological judgments may be made. A distinction will be drawn between method and methodology. The three approaches are then critically examined by way of examples.

After a brief look at Historicism and Structuralism as opposing trends, attention is briefly directed at functionalism as a specific movement within Structuralism. The Prague School is also examined.

The point is then made that in no other school of linguistics has so much been done within modern linguistics as within TGG. A comparison of Chomsky and de Saussure is provided.

The article closes with a methodological reflection about the three modes of approach, and the author comes to the conclusion that a meaningful combination of the useful insights of the three might mean a great deal for the linguist.

INLEIDING

Die meeste taalkundiges is dit met mekaar eens dat daar sedert die begin van die twintigste eeu ten minste drie

Koers 49(1) 1984

hoofbenaderings in die moderne linguistiek onderskei moet word. Halliday onderskei die *tekstuele*, *nie-tekstuele* en die *transformasioneel-generatiewe* benaderings. Dit is nie volkome duidelik wat Halliday presies met die tekstuele en nie-tekstuele bedoel nie, maar dit wil lyk of hierdie twee ekwivalent kan wees aan onderskeidelik *funksionele* en *strukturele* benadering tot die linguistiek. Vir die benadering wat veral in die werke van Noam Chomsky sedert die laat vyftigerjare verfyn word, word (anders as wat byvoorbeeld Lyons dit doen) eksplisiet die term transformasioneel-generatief gebruik en nie generatiewe nie, eenvoudig omdat generatief nie sonder meer transformasies veronderstel nie. Daar sal dan verder in hierdie praatjie drie fundamentele benaderingswyses in die moderne linguistiek onderskei word, naamlik

* Strukturalisme

* Funksionalisme

* Transformasioneel-generatiewe

Natuurlik is dit 'n ooreenvoudiging om hierdie drie voor te stel as drie homogene eenhede. Nie alle strukturaliste of funksionaliste of transformasioneel-generatiewe het selfs dieselfde basiese aannames nie, maar dit word hier as drie benaderingswyses aangebied sonder om aandag te gee aan die onderlinge interne verskille.

As ek die filosofie reg begryp (en daarvan is ek nie altyd seker nie!), kan ons hierdie drie strominge as drie linguistiese *metodes* beskou waarvoor daar verskillende metodologiese oordele uitgespreek kan word. Die uiteindelijke keuse van een van hierdie drie metodes word dan, so lyk dit vir my, gemaak op *metodologiese* gronde.

Ek sal in hierdie praatjie dan met verwysing na die taalkundige analise eers probeer onderskei tussen metode en metodologie. Tweedens sal ek probeer (want veel verder as probeer kom 'n mens ook nie maklik nie) om die drie benaderingswyses uiteen te sit en dan ten slotte metodologies na die verskillende benaderings te kyk.

Hiermee wil ek nie impliseer dat een benadering kritiekloos te verkies is bo die ander nie, juis omdat al drie wat my betref bepaalde metodologiese en ook ander gebreke blyk te hê. Ek dink in elk geval dat geen wetenskaplike behoort getroud te raak met 'n enkele teoretiese model nie; dalk sou poligamie in die geval van die wetenskap nie verwerplik wees nie?

METODE EN METODOLOGIE

Prof. N.T. van der Merwe (1981) beskryf metode as "... 'n vaste deurdagte handelswyse om 'n bepaalde doel stapsgewys te bereik". Hierteenoor hou metodologie in dat die aard en rol van die metode apart en doelbewus onder oë geneem word. Daarom is metodologie die wetenskaplike besinning oor metode. dit is nie vir my duidelik of metodologie dan ook die nie-wetenskaplike, sê maar lewensbeskoulike, besinning oor die metode insluit nie. As ek byvoorbeeld sou sê dat die modulêre benadering van taal deur Chomsky op lewensbeskoulike grond onaanvaarbaar sou wees omdat die mens binne die raamwerk van die klassieke Galileiaanse teorie as 'n uitmekaarhaalbare biologiese objek alleen gesien word, het ek dan ook 'n metodologiese oordeel uitgespreek? Dit lyk vir my nogal nie so nie, eenvoudig omdat dit dan nie 'n wetenskaplike besinning oor die metode is nie.

Indien ek die filosofiese onderskeid tussen metode en metodologie korrek verstaan, kan hierdie onderskeid in die taalkunde aan die hand van Ross se klassieke (verafrikaansde!) voorbeeldsin geïllustreer word:

1. Dat die geweer wat ek skoonmaak, afgaan, verbaas niemand nie.

Hierdie sin kan, om dan meer binne die TG-raamwerk te bly praat, bepaalde verskuiwingstransformasies akkommodeer, maar die sogenaamde WAT-verskuiwingsreël kan nie sonder meer daarop toegepas word nie, omdat dit 'n ongrammatikale

sin tot gevolg sal hê:

1a. Dat die geweer afgaan, verbaas niemand wat ek skoonmaak nie.

Die ongrammatikaliteit van (1a) sal op verskillende maniere binne die drie benaderingswyses voorspel kan word. Hierdie wyses van die voorspelling van 'n ongrammatikale sin lyk vir my na drie onderskeibare linguistiese metodes:

Die strukturaliste sal die probleem waarskynlik nie eers raaksien nie, omdat daar binne dié raamwerk nie 'n verband sou bestaan tussen (1) en (1a) nie, maar hipoteties gesien, sou 'n mens kon sê dat die strukturalistiese metode die onmoontlikheid van (1a) slegs kan verklaar deur op die onmoontlike relasies van die onderskeie konstituente te wys.

Die funksionaliste sal die onaanvaarbaarheid van (1a) kon voorspel deur byvoorbeeld aan te toon dat die verskuiwing van die betreklike bysin na 'n posisie so ver van die antesedent die reëls van menslike persesie oortree.

Binne die *transformasioneel-generatiewe* benadering sou die ongrammatikaliteit van (1a) voorspel kon word omdat die verskuiwing van die WAT-bysin oor 'n veranderlike wat beperk kan word, plaasvind en verder binne die meer resente TGG, dat dit 'n onttrekking vanuit 'n WAT-eiland veronderstel en in elk geval die sogenaamde "Subjacency Condition" oortree, of dan binne die vroeëre Chomskyaanse beskouing eenvoudig die A-oor-A-beginsel oortree.

Sou 'n mens egter beweer dat die strukturalisme net die sinsinterne, en ook net die abstrakte sisteemrelasies, in berekening bring en die funksionalisme die arbitrêre aard van taal ignoreer en die TG nie kennis neem van die moontlike talige en nie-talige konteks van (1) of (1a) nie, en die metode op grond daarvan bevraagteken, dan

lyk dit vir my na h metodologiese oordeel.

Ek sal vervolgens die aard en metodes van die drie benaderingswyses probeer opsom, en dan ten slotte probeer wys op die metodologiese leemtes in elkeen.

DIE DRIE BENADERINGSWYSES BINNE DIE MODERNE LINGUISTIEK

Die historisisme

Karl Bühler sê in sy *Sprachtheorie* (1965: 1) dat as daar h monument opgerig moet word vir die negentiende-eeuse taalnavorsing, daar ten minste twee noodsaaklike woorde op dié monument ingegraveer behoort te word, naamlik *vergelyking* en *Geskiedenis*. Die taalkunde van die vorige eeu word deur die historisisme gekenmerk. Selfs teen 1922 hang die begaafde Deense taalkundige, Otto Jespersen, steeds die historisisme aan: "The distinctive feature of the science of language as conceived nowadays is its historical character."

Historisisme binne die taalkunde kom daarop neer dat aanvaar word dat tale is soos wat hulle is op grond van historiese gegewens: tale is onderworpe aan interne en eksterne historiese gegewens. Historisisme kan gesien word as h reaksie van die negentiende-eeuse taalkundiges op die filosowe van die Franse Verligte Eeu en hulle voorgangers wat so ver teruggaan as Plato, Aristoteles en die Stoïsyne wie se doel dit onder andere was om die universele kenmerke van taal af te lei van wat bekend is, of aanvaar word of bekend is as universele kenmerke van die menslike gees. Dit sal later blyk dat die TG in h sekere sin weer h terugkeer na die klassieke beskouing is, maar dan met h duidelike verwerping van die evolusionisme wat vroeëre historisisme gekenmerk het.

Omdat die strukturalisme (nie net binne die linguistiek nie) eintlik h reaksie op die historisisme is, moet die

strukturalisme met verwysing na die historisisme bespreek word; daarom die kort historiese inleiding.

DIE STRUKTURALISME

Die begindatum van die strukturalistiese taalkunde word gemakshalwe op 1916 gestel, bloot omdat dit die jaar is waarin die grondlegger van hierdie benaderingswyse, Ferdinand de Saussure, se werk, *Kursus in die algemene taalkunde*, verskyn het. Dit moet egter onthou word dat hierdie werk van de Saussure na sy dood deur twee van sy studente uitgegee is, en uit die aard van die saak is dit nie tot in die fynste besonderheid altyd duidelik watter Saussure se standpunt is of watter sy studente se standpunt is nie.

Verder is dit ook belangrik om daarop te wys dat die Amerikaanse strukturalisme, soos veral deur Bloomfield en Harris verteenwoordig, in belangrike opsigte van Saussureaanse strukturalisme verskil.

Van die belangrikste insigte van Saussure is sy onderskeiding tussen historiese verklaring (diachronie) en 'n strukturele (sinchroniese) verklaring van taal. Hy verwerp nie die historiese nie, maar gaan bloot uit van die standpunt dat die historiese nie die enigste verklaring is nie. Saussure gaan selfs so ver dat hy verklaar dat strukturalisme geen plek in die diachronie het nie. Sy eie rekonstruksie van die Proto-Indo-Europese vokaalstelsels is egter juis 'n bewys van die belangrike rol wat die strukturalisme in die historiese rekonstruksie speel!

'n Ander belangrike onderskeid wat Saussure maak, is dié tussen *vorm* (*langue*) en *parole*. Of dan *taalsistoom* en *taalgedrag*, waarbinne die abstraktheid van die *langue* of taalsistoom belangrik is, so abstrak selfs dat die sin (anders as in die abstraksie van die TG) deel van die *parole* en nie van *langue* is nie. Taal, sê Saussure, is

h vorm, nie h substansie nie. So gesien, hou vorm dan verband met Von Humboldt se *innere Sprachform* van taal en ook verband met die Russiese Formaliste se vorm naas inhoud in die literêre analise. Struktuur is dan in algemene sin vir Saussure gelyk aan sisteem, en sisteem is onafhanklik van die fisiese substansie of die medium waarin dit gerealiseer word. Daarom kan daar van die strukturalisme gepraat word as h nie-tekstuele benadering.

Taal is vir die strukturalisme h tweevlaksisteem van sintagmatiese en paradigmatische (vervangbaarheids-) verbande en relasies. Dit is egter belangrik om te onthou dat die verbande interne verbande is, verbande wat in alle strukturalistiese beskouinge kenmerkend is.

Die strukturalisme van Saussure en sy onmiddellike navolgers word juis daarin onderskei, naamlik dat die taalsisteem wat geabstraheer kan word in so h mate abstrak word dat taal die uitsluitlike doelstelling van die taalkunde word. Die Afrikaanse vertaling van die slotsin van Saussure se *kursus* maak die insig nie baie duidelik nie: "die taalkunde het tot enigste doel die taal op sigself en vir sigself beskou". Die vertaling van *langue* met *taal* in die Afrikaans is reeds h vertalingsdwaling, maar die Engelse vertaling van veral die laaste gedeelte van die slotsin gee h beter aanduiding van wat Saussure bedoel: "... language-system in itself and for itself". Of hierdie slotsin nou die breinkind van Saussure se studente of dan van homself is, die algemene opvatting is tog dat dit impliseer dat h taalsisteem h struktuur is wat geabstraheer kan word, nie net van die historiese nie, maar ook van die sosiale matriks waarbinne dit funksioneer en die psigologiese proses waardeur dit verwerf word. Hierin lê die outonomie van die linguistiek - h outonomie wat veral ten opsigte van die sintaksis binne die TGG voortgesit word.

Dit is egter ook hierin dat die sogenaamde Saussureaanse paradoks lê, naamlik dat taal h sosiale verskynsel is,

maar beskryf moet word sonder inagnome van taal binne sosiale konteks.

Die arbitrêre aard van taal word deur Saussure beklemtoon. Dit kom effens oorvereenvoudig daarop neer dat taalsisteme semiotiese sisteme is waarbinne dit wat aangedui word (le signifié) arbitrêr geassosieer word met dit wat aandui (le significant). Die taalteken is nie 'n betekenisvolle vorm nie: dit is 'n saamgestelde eenheid wat die gevolg is van die toeken van struktuur aan twee soorte substansie deur die werking van kombinatoriese en kontrasterende verhoudings van die taalsisteme. Betekenis kan dus nie onafhanklik van die vorm waarmee dit geassosieer word, bestaan nie en omgekeerd.

Saussure se opvatting lei verder daartoe dat elke taalsisteme uniek is. Populêr gesien, kan daar in hierdie verband gepraat word van linguistiese relatiwiteit wat in sterk teenstelling staan met die TGG se universalisme. Saussure se opvatting kom dan daarop neer dat elke taal 'n wet is op en vir sigself.

'n Volledige uiteensetting van die Amerikaanse strukturalisme is binne die tyd tot ons beskikking onmoontlik, maar ons wil kortliks tog aandag skenk aan veral Bloomfield, met spesiale verwysing na sy behaviouristiese benadering. Dit hou hoofsaaklik in dat die taaldaad 'n talige respons is op 'n buitetalige stimulus. Dit kom weer later ter sprake.

DIE FUNKSIONALISME

Binne die linguistiek is funksionalisme nie die teenpool van strukturalisme soos in die antropologie en die sosiologie nie, maar 'n spesifieke beweging binne die strukturalisme.

2. Vanoggend het hy laat opgestaan.
3. Hy het vanoggend laat opgestaan.

As hierdie twee sinne met mekaar vergelyk word, is (2) en (3) waarheidsvoorwaardelik ekwivalent en het daarom in die eng sin van die woord, dieselfde betekenis. Verder verskil die konteks waarbinne (2) en (3) onderskeidelik gebruik word egter van mekaar. Alle funksionele benaderings het dit gemeen, naamlik dat die struktuur van uitinge deur die gebruik daarvan bepaal word en deur die kommunikatiewe konteks waarbinne hulle voorkom.

In teenstelling met die strukturele en TG-beskouing dat linguistiese verskynsels hoofsaaklik deur formuleerbare sintaktiese voorwaardes of dan linguistiese voorwaardes beheer word, gaan die meeste funksionaliste van die standpunt uit dat h wye verskeidenheid linguistiese verskynsels eintlik deur nie-sintaktiese of dan buitetalige faktore beheer word. Dit lei dan tot die verklaring van linguistiese verskynsels op grond van sogenaamde funksionele sinsperspektiewe.

Om een eksponent van die moderne funksionalisme, Susumu Kuno (1972), in hierdie verband te laat praat:

Die meeste, indien nie alle, taaluniversalia (veral in die sintaksis) is of h linguistiese manifestasie van een of ander breë kognitiewe beginsel of andersins afleibaar uit ander strukturele kenmerke wat manifestasies is van kognitiewe beginsels.

So gesien, word sintaktiese prosesse op h natuurlike wyse verklaar.

Aandag word binne die funksionalisme gegee aan buitensintaktiese faktore wat h rol speel in sintaktiese manifestasies. Een van hierdie buitetalige faktore kan byvoorbeeld die funksionele sinsperspektiewe wees.

Die funksionalisme werk in hierdie geval met begrippe soos ou, voorspelbare inligting; nuwe, onvoorspelbare

inligting; tema en "exhaustive listing". Kuno sluit, wat die voorspelbare inligting betref, nou aan by Halliday deur voorspelbare inligting te beskou as verhaalbaar uit die voorafgaande diskoerskonteks.

Die feit dat Kuno met bogenoemde begrippe werk, dwing onmiddellik die aandag terug na die oorsprong van die funksionele analise. Hiervoor moet h mens vlugtig die Praagse Skool gaan bekyk.

Die Praagse Skool

Die oorsprong van funksionele sinsperspektiewe kan in die laat dertigerjare by die Praagse linguïst, Mathesius, gesoek word.

Volgens Daněš (1974) bou Mathesius voort op die vroeëre werk van Henri Weil (1844).

Vir Weil bevat h sin h vertrekpunt vanwaar die diskoers verder gaan. Hierdie beweging vanaf die vertrekpunt na die doel verteenwoordig die beweging van die gedagte. Volgens Weil mag tale ten opsigte van woordvolgorde verskil, maar die volgorde van idees bly dieselfde.

Mathesius verdeel die sin in *tema* en *rema*. Die *tema* is dan (Firbas, 1974: 268) "that which is known or at least obvious in the given situation, and from which the speaker proceeds in his discourse" *Rema* (Firbas, 1974: 277) is "that which the speaker states about, or in regard to the theme".

Die essensiële kenmerk van *tema* is dan volgens Mathesius die oordrag van bekende inligting.

Travniček verskil van Mathesius versover hy meen dat Mathesius die begrip te veel vernou. Hy (vergelyk Firbas, 1974: 268) definieer *tema* dan so: "the theme is the sentence

element that links up directly with the object of thought, proceeds from it and opens the sentence hereby".

Wat sowel Mathesius as Travniček (en soos later aangedui sal word, ook Kuno) egter nie in berekening bring nie, is die feit dat inligting nie bloot as + of - oud geklassifiseer kan word nie. ʘ Skalering van die oudheid/bekendheid van inligting blyk myns insiens uit die volgende sinne.

hierdie Jan Harmse
ou Jan Harmse
die Jan Harmse
ʘ sekere Jan Harmse
ene Jan Harmse
ʘ Jan Harmse

Dat die Praagse linguïste inligting bloot as bekend of onbekend beskou, impliseer dus dat daar net twee soorte inligting is, naamlik bekend versus onbekend.

Dit blyk egter uit bogenoemde sinne dat daar wel iets soos ʘ bekendheidskaal moet bestaan.

Omdat Firbas so ʘ skaal veronderstel, los hy die probleem ʘm die tema-remawarboel op deur die konsep Kommunikatiewe Dinamiek (KD) in te voer.

KD is dan: "the extent to which the sentence element contributes to the development of communication" (Firbas, 1974: 270).

Die graad van KD staan in direkte verhouding tot die graad waarin ʘ element tot die ontwikkeling van kommunikasie bydra. Dit spreek vanself dat elemente wat nuwe inligting oordra, ʘ hoër graad van KD sal dra as elemente wat ouer inligting oordra.

Ofskoon Bolinger (1972: 633) nie eksplisiet oor die funksionele

sinsperspektief praat nie, sluit hy tog nou by Firbas aan.

Hy sê dat "what item has relatively stronger stress (accent) in the larger intonational pattern is a matter of information, not of structure". Die plasing van aksent hang dus van die aard van die inligting af. Volgens Bolinger bepaal die keuse van 'n woord die semantiese gewig van die woord. Die graad van voorspelbaarheid van 'n woord bepaal daardie woord se semantiese gewig (vergelyk Lyons, 1968): "meaning implies choice". Om 'n woord se semantiese gewig te bepaal, hang ook nie net bloot van die voorspelbaarheid daarvan af nie, maar die hele konteks moet in berekening gebring word. Dit is dus 'n diskoersvoorspelling. Die woord met die swaarste semantiese las dra dan die inligtings-fokus.

Op hierdie punt is daar 'n verband tussen Firbas se KD en Bolinger se semantiese gewig.

Transformasioneel-Generativisme

Daar is in nie een van die ander twee benaderingswyses tot die moderne linguistiek so baie gedoen as binne die sogenaamde TGG nie. Die byna ongelooflike hoeveelheid publikasies van die grondlegger van hierdie rigting, Noam Chomsky, maak 'n opsomming van hierdie benaderingswyse haas onmoontlik. Van die Chomskyaanse TGG alleen bestaan daar reeds die sogenaamde *Syntactic Structures*-model, die *Aspects*-model of dan die ST (standaardteorie) van 1965; die EST ("extended standard theory") wat in hoë mate 'n reaksie is op Ross se alternatiewe beperking op veranderlikes en 'n verfyning van die oorspronklike A-oor-A-beginsel en dan die meer resente REST ("revised extended standard theory") waarbinne reëlbeperking in die grammatika self geïnkorporeer word en die semantiese komponent 'n ander betekenis as in die vroeëre modelle kry.

Baie van die wysigings in die gedagtegang van Chomsky hou verband met die onvermoë van die klassieke TGG om die semantiese komponent binne die raamwerk tot sy reg te laat kom. Betekenis word aanvanklik heeltemal uit die grammatikas van die TGG uitgedefinieer. Pogings om die semantiese in die model te akkommodeer (soos byvoorbeeld dié van Katz en Postal) word in hierdie praatjie buite rekening gelaat.

Hoewel Chomsky taalkundig geskool is binne die raamwerk van die Amerikaanse strukturalisme van veral Bloomfield en Harris, is daar 'n beduidende verskil tussen die TGG en die strukturalisme. Seker die heel belangrikste verskil lê daarin dat Chomsky van die begin af die stimulus-respons-opvatting van Bloomfield verwerp het. Chomsky aanvaar dat taal vry is van stimulus-beheer. 'n Kind leer taal dus nie aan deur nabootsing nie. Vir Chomsky word die mens juis van die dier en die masjien onderskei op grond van die mens se kreatiwiteit.

Op grond van die kreatiwiteit van die mens is die sinne van 'n taal nuttjies: elke sin is 'n besondere sin wat voorheen nie gemaak is nie.

Die verskil tussen Chomsky en Bloomfield lê daarom in 'n verskil tussen behaviourisme en mentalisme. Hierdie verskil kan maklik oorbeklemtoon word, maar die praktiese invloed wat die behaviourisme op Bloomfield se taalteorie as sodanig het, is nie so beduidend as wat 'n mens sou verwag nie. Chomsky se mentalisme lei egter daartoe dat hy taal as aangebore en as spesie-spesifiek aanvaar. Dit bring die TGG in botsing met die stimulus-respons-aanname van die strukturalisme en die beskouing van taal se individualiteit: vir die TGG bestaan daar linguistiese universalia in so 'n mate dat Chomsky se uiteindelijke kerngrammatika 'n universele grammatika word.

Dit is egter belangrik dat die kreatiwiteit van taal vir

Chomsky se reëlbeheerde kreatiwiteit is. Juis in hierdie aanname verskil die TGG dan weer aantoonbaar van die strukturalisme van Saussure, ofskoon daar weer op ander vlakke duidelike ooreenkomste tussen die TGG van Chomsky en die strukturalisme van Saussure bestaan.

Die ooreenkoms (maar met 'n duidelike verskil!) tussen die TGG en Saussure lê in die TGG-onderskeid tussen taalvermoë ("competence") en taalgebruik ("performance"). Dit is juis in hierdie onderskeid wat Chomsky tref waar hy van Bloomfield verskil.

Vir die moderne TGG is die taalvermoë die deel van 'n spreker (en hierdie spreker is 'n betreklik abstrakte "ideale spreker") se kennis (kennis van die taalsisteem) waardeur hy in staat is om 'n ontelbare stel sinne in sy taal voort te bring.

Taalgebruik is taalgedrag, en dit word nie net deur die spreker se linguistiese vermoë nie, maar ook deur 'n verskeidenheid nie-linguistiese faktore beïnvloed en beheer.

Die onderskeid tussen "competence" en "performance" hou nou verband met die aanvaarding van mentalisme en universalisme: 'n spreker se taalvermoë is 'n stel reëls wat hy in sy gees ("mind") gekonstrueer het deur middel van die toepassing van sy aangebore kapasiteit vir taalverwerwing op die taaldata wat hy om hom hoor, en gehoor het sedert sy kinderdae. Hierdie stel reëls is universeel, en uit die aard van die saak ook arbitrêr.

Chomsky se onderskeid kom met Saussure se langue-parole-onderskeid in dié sin ooreen dat albei onderskeie tussen die linguistiese en die nie-linguistiese en albei onderskryf die homogeniteit van die taalsisteem.

Chomsky gee egter aan die onderskeid 'n verder psigologiese las en verskil in dié sin van Saussure; en vir Saussure

is die taal 'n sisteem van besonder abstrakte relasies; so abstrak dat sinne inderdaad al deel word van parole! Saussure gee verder nie aandag aan reëls nie.

'n Verdere belangrike bydrae van die TGG is die onderskeid tussen diepte- en oppervlaktestruktuur. Hiermee saam gaan ook die begrip transformasie. Die TGG werk met twee stelle (sintaktiese) reëls: bodemreëls of dan reëls wat abstrakte strukture genereer en die transformasiereëls wat die abstrakte struktuur omsit in 'n afgeleide struktuur.

DIE METODOLOGIESE BESINNING OOR DIE DRIE BENADERINGSWYSES

Tot dusver het ek eenvoudig probeer om die drie fundamentele benaderings tot die linguistiek in die twintigste eeu weer te gee, sonder om in te gaan op die metodologiese voor- of nadele daarvan. Natuurlik is die aanbod van die modelle in so 'n opsommende vorm veral om twee redes onvoldoende. In die eerste plek word aan die benaderingswyses aandag gegee as sou dit drie onderskeidelik homogene metodes wees, wat vals is, aangesien daar binne al drie hoofbenaderings 'n verskeidenheid onderskeibare strominge is. Tweedens is die geraamtelike uiteensetting wat die tyd ons toelaat so oorsigtelik dat daar van die werklike besonderhede weinig tereg kom.

Metodologiese vrae sou myns insiens impliseer dat daar op wetenskaplike gronde oor die metodes van die drie verskillende benaderingswyses besin moet word. Op hierdie grond kan dan 'n oordeel vir of teen die metodes van die verskillende linguistiese modelle uitgespreek word.

Metodologies kan al drie afsonderlik beoordeel word, maar ek sal tog die onmoontlike effe moontliker probeer maak en al drie half deurmekaar metodologies beskou. Uit die aard van my opdrag wil ek op die negatiewe in elkeen konsentreer, sonder om daarmee voor te gee dat nie een van die drie (en selfs al drie) veel bevat wat metodologies

positief is nie. Ek is juis van mening dat 'n mens by die studie van taal die goeie uit elkeen, selfs uit die historisisme van die vorige eeu, iets nuttigs kan haal vir hedendaagse taalondersoek. So 'n benadering hoef nie noodwendig 'n ontoelaatbare vorm van eklektisisme te impliseer nie - of móét dit noodwendig? Soos ek dit verstaan, is dit 'n dinkskrum dié en nie 'n klaargespeelde wedstryd nie.

Die TGG het onmiddellik, na my oordeel, dié voordeel bo die strukturalisme, en in 'n sekere sin ook bo die funksionalisme sonder 'n transformasionele aanname, naamlik dat daar deur die toepassing van die metodes van die TGG, veral met verwysing na die diepte-oppervlakteverband, sterk intersinsverbande raakgesien word wat nie deur 'n strukturele benadering aangetoon kan word nie. Die probleem binne die TG is egter juis dat slegs linguïstiese, en by uitstek slegs sintaktiese verbande, raakgesien word. Hiermee word die universele aard van taal oorbeklemtoon, maar die sosiale aard daarvan ontken. Ontken is dalk te sterk omdat Chomsky self dit nêrens ontken dat taal 'n vorm van sosiale gedrag is nie. Sy uitgangspunt is bloot dat dit nie binne die doelstelling van die linguïstiek lê om hierdie nie-talige verbande te bestudeer nie.

Op grond van die tradisionele Galileiaanse beskouing en in ooreenstemming met die metodes van die natuurwetenskappe hang Chomsky 'n suiwer vorm van modulêre benadering aan. Hoewel sy taalsisteem minder abstrak as dié van die strukturaliste is, is die uiteindelijke doel van sy taalstudie die opstel van 'n universele reëlinventaris wat deskriptief adekwaat van die taalvermoë van 'n ideale spreker moet wees. Modulêr verder in dié sin dat die menslike aktiwiteit, soos taal, op die wyse van byvoorbeeld die biologiese studie van sê die oor, in modules uitmekaar gehaal kan word en as module bestudeer kan word. Die rol van die module binne die groter geheel word nie ontken

nie, maar die studie daarvan lê eenvoudig nie op die terrein van die linguistiek nie.

Hierteenoor sou die funksionele benadering metodologies nader aan die uiteindelijke ideaal kom, versover dit taal in sy kommunikatiewe konteks bestudeer, en daarom die geheel van die taalgegewe betrek. Die vraag is egter of dit waar is dat die struktuur van natuurlike taal bepaal word deur verskeie interafhanklike semiotiese funksies (ekspressief, sosiaal en beskrywend) wat hulle vervul? As dit wel so was, sou die struktuur van taal in dié opsig nie-arbitrêr wees en versover verskillende taalsisteme dieselfde semiotiese funksies vervul, moet hulle dan mos ooreenstemmend (indien nie identies nie) wees. 'n Struktuur in Engels en in Afrikaans met dieselfde semiotiese funksie hoef egter nie ooreen te stem nie, al is albei Germaanse tale.

Al sou 'n mens dus kon beweer dat die strukturele beskouing die arbitrêre aard van taal oorbeklemtoon, is daar nogtans genoeg bewyse dat arbitrêrheid tog bestaan, en dit maak die slaafse navolging van die funksionalisme op metodologiese grond op dié punt onaanvaarbaar.

Dit wil dus lyk of die toepassing van die metodes van die strukturalisme verbande wat wel bestaan, nie kan sien nie; en al sou daar verbande gesien word, is dit beperk tot sinsinterne konstituentverbande waar die konstituent as taalteken 'n onhanteerbare abstrakte sisteemgegewe is. Die funksionalisme sien verbande tussen sintaktiese strukture en buitetalige faktore, maar hierdie verbande word weer so oorbeklemtoon dat verbande gesien word wat nie bestaan nie. Ten spyte van die verskeidenheid belangrike bydraes van die TGG lei die toepassing van die metodes van hierdie benadering in baie gevalle tot verklaring, maar dan kom die verklaring moeilik verder as 'n herstelling van die sintaktiese feite omdat dit nie met buitelinguistiese faktore in verband gebring word nie. Verder word die databasis

van die taalondersoek deur die TGG se metodes verklein, en die hele taalgegewe word nie by die ondersoek betrek nie. die TGG slaag uiteindelik dan daarin om die teoretiese lugleegte van die tradisionele empirisme en die empiriese onverantwoordelikheid van die tradisionele rasionalisme in homself te verenig.

Natuurlik het ons die positiewe in die onderskeie benaderingswyses links gelaat, eenvoudig omdat ons daarop uit was om die negatiewe uit te wys.

Dit wil vir my lyk of 'n sinvolle kombinasie van die nuttige insigte van die drie vir die taalondersoeker veel kan beteken: die welgefundeerde interne konstituentanalise van die strukturalisme; die linguistiese verbande van die TGG en die inagneming van die natuurlike faktore van die funksionaliste kan lei tot sinvolle verklarings van taalfeite, maar taal dan gesien as dié middel om kommunikasie te bewerkstellig, soos wat dit inderdaad binne verskillende sosiale kontekste gebruik word; want die homogeniteit van die taalsisteem is, op die feite uit die sosiolinguistiek en die dialektologie af, inderdaad 'n mite; en die feite oor die grammatiese en pragmatiese taalvermoë is net die helfte van die taal as sosiale en Godgegewe werklikheid.

BIBLIOGRAFIE

- BLOOMFIELD, L. 1970. *Language*. London: George Allen & Unwin Ltd.
- BOLINGER, D. 1972. Stress is predictable if you are a mind reader. (*In Language*, 6.)
- BÜHLER, K. 1965. *Sprachtheorie*. Stuttgart: Gustav Fischer Verlag.
- CHOMSKY, N. 1957. *Syntactic Structures*. Den Haag: Mouton.
- CHOMSKY, N. 1965. *Aspects of the theory of syntax*. Cambridge: M.I.T.
- CHOMSKY, N. 1975. *Reflections on language*. New York:

Pantheon.

CHOMSKY, N. 1979. *Language and responsibility*. Sussex: The Harvester Press.

DANČIČ, F. 1966. A three level approach to syntax. (*In Travanse linguistiques de Prague*, nr. 1.)

DE SAUSSURE, F. 1966. *Kursus in algemene taalkunde*. (Vertaal deur A. Lee.) Pretoria: J.L. van Schaik.

FIRBAS, J. 1966. On defining the theme in functional sentence analysis. (*In Travanse Linguistiques de Prague*, nr.1.)

KUNO, S. 1972. Natural explanations for some syntactic universals. (*In National Science Foundation (NSF)*, 28.)

LYONS, J. 1968. *Introduction to theoretical linguistics*. London: Cambridge Univ. Press.

MATHESIUS, V. 1975. On information - bearing structure of the sentence. (*In Harvard studies in syntax and semantics*, vol. 1. Onder redaksie van Susumu Kuno.)

VAN DER MERWE, N.T. 1981. *Klasaantekeninge*.